Resensie

Nagouers deur Saskia de Coster, Naledi, 2022

Vertaler: Wium van Zyl

Christo de Kock

1. Die outeur

Saskia de Coster, gebore 1976, is 'n Belgiese outeur en publiseer gedurende haar skrywersloopbaan agt romans, waaronder *Nachtouders* (2019, in Afrikaans vertaal as *Nagouers*, 2022), *Wat alleen wij horen* (2015), en haar topverkoper *Wij en ik* (2014) waarvan 50 000 eksemplare verkoop is. *Nachtouders* word in 2020 genomineer vir die *Libris Literatuur Prijs*, wat die heel belangrikste literêre prys in Nederland is. In die akademiese jaar van 2020 tot 2021 word De Coster die allereerste residentskrywer aan die Katholieke Universiteit Leuven waar sy ook kreatiewe skryfwerk as vak doseer.

2. Die titel

In 'n onderhoud in *Trouw* verskaf De Coster insig oor die titel van *Nachtouders* (*Nagouers*): "Het eerste jaar van het ouderschap speelt zich grotendeels 's nachts af. Je moet steeds opstaan, om doodmoe voor een krijsend wezentje te gaan zorgen. Soms daalt dan de vraag neer: Wat overkomt me, wat ben ik aan het doen? De nacht is een periode van overgang van de ene dag naar de andere, tijdloos en existentieel. […] Nachtouders zijn wankelende ouders, die soms twijfelen en falen."

3. Inleidende opmerkings

Nagouers maak die leser bewus van die komplikasies wat nie-biologiese ouerskap inhou en hoe die woord "moeder" as titel slegs vir sommiges gereserveerd is. De Coster hou die lesers op hul tone met spanningsbouende geheime en illustreer die besmetlikheid van 'n beskuldiging. Sy illustreer die geweldige impak wat ouerskap op 'n nie-biologiese ouer kan hê en spreek die kwessie van eensaamheid en vervreemding in romantiese sowel as familieverhoudings aan.

Seksualiteit speel ook 'n groot rol in De Coster se roman. Die leser sien hoe seksualiteit – of eerder ander se reaksie daarop – 'n permanente invloed op 'n individu se lewe kan hê. Die roman vestig ook lesers se aandag op die verwagtinge

wat rondom ouerskap en seksualiteit kan ontstaan. De Coster illustreer hoe 'n wankelende verhouding tussen kinders en hul ouers bepalende faktore in 'n individu se ontwikkeling is. Die leser sien hoe die wankelende basis op 'n latere stadium 'n individu se verhoudings met ander mense kan affekteer.

4. Outobiografiese elemente

Hoewel *Nagouers* nie 'n volledige outobiografiese vertelling is nie, is daar wel enkele outobiografiese elemente in die roman. Die hoofkarakter Saskia deel 'n naam met die outeur en beide die hoofkarakter en outeur is in 'n lesbiese verhouding. Op die agterblad van die boek skryf De Coster: "Dit is mijn verhaal, maar het is, denk ik, ook het verhaal van iedere ouder die wel eens gewankeld heeft." (Die vertaling op die agterblad van die Afrikaanse weergawe lui: "Dit is my verhaal, maar dit is ook die storie van elke ouer wat al 'n keer gestruikel het.") Hierdie openbaring laat die leser toe om die hoofkarakter en outeur met mekaar te vereenselwig.

5. Agtergrond

5.1 *Op die eiland*

Nagouers is 'n verhaal oor 'n lesbiese paartjie, Saskia en Juli, wat saam met hul eenjarige seuntjie Saul 'n wêreldreis wil onderneem. Hulle reis na Portes, 'n geïsoleerde hippie-eiland aan die Kanadese Weskus, om Karl Olsen en sy familie te besoek. Portes is onder andere die eiland waar Karl, die biologiese pa van Saul, grootgeword het. (Saskia en Juli het besluit om nie van 'n anonieme skenker gebruik te maak nie.) Die paartjie neem hul voor om na hul besoek aan die Olsens na Alaska te reis. Hulle word hartlik op die eiland verwelkom en Molly, Karl se ma, ontferm haar oor haar nuwe kleinkind, maar alles op die eiland is nie heeltemal maanskyn en rose nie. Op die hippie-eiland kom die paartjie voor al hoe meer geheime te staan. Die rede waarom Karl onverwags die eiland verlaat het, bly vir lank 'n raaisel. Boonop is daar 'n storie oor 'n brand, en daar is twee Olsens wat die paartjie nie mag sien nie – dit alles onverklaarbaar. Eers op hul veertigste nag op die eiland ontbloot Molly in 'n lang monoloog wat die kap agter die eiland se geheimsinnige byle is.

5.2 *Saskia se worstelinge*

In die roman merk die leser Saskia se soeke na haarself. Sy wonder hoe sy moeder kan word en hoe om moederskap met haar skryfwerk te verenig. Sy het

’n soeke na die betekenis van moederskap waar die biologiese band ontbreek. Weens die manier waarop sy grootgeword het, ervaar Saskia die konsep “nie-biologiese moeder” as ’n absurde term. Omdat haar liggaam nie deel van die swangerskapproses was nie, het sy nie ’n hormonale drang en instink wat deur Saul gewek word nie. Die liggaamlike verbinding met ’n babatjie is iets wat by Saskia ontbreek.

Verder voel Saskia vasgevang en eensaam op die eiland en daar gebeur dinge wat maak dat sy haar genoodsaak voel om die eiland te verlaat. Nadat Karl die eiland verlaat het, verneem Saskia by ’n kluisenaar dat Karl beskuldig word van pedofilie. Bykomend gebeur daar dinge wat Saul se gesondheid en veiligheid op die eiland in gedrang bring. Saskia sien hoe ’n arend ’n hoendertjie van die grond af pluk terwyl sy besef dat die arend ook vir haar klein Saul ’n bedreiging is. Daarbenewens het Saul sy tong met die skerp deksel van ’n tunablikkie oopgesny, maar Saskia se dringende poging om ’n mediese dokter of farmaseutiese medisyne op die eiland in die hande te kry, is tevergeefs. Haar dringende versoek om die eiland vir die beswil van Saul se gesondheid te verlaat, word blatant ignoreer. Sy dring daarop aan dat hulle hul reis na Alaska voortsit, maar Juli is onwillig om te vertrek.

5.3 *Verwydering tussen Saskia en haar liefdes*

Sedert die geboorte van Saul word die verwydering tussen Saskia en Juli steeds groter. Omdat Saskia nie aan Saul geboorte geskenk het nie, voel sy nie asof sy die rol van ’n moeder inneem nie. Sy is nie in staat om in haar nuwe rol in te groei nie. Haar onsekerheid in haar rol as moeder stel haar verhouding met Juli, haar vriendskap met Karl en haar skryfwerk in gevaar. Saskia voel uitgesluit en asof Saul tussen haar en Juli te staan kom, wat verder bydra tot haar gevoel van eensaamheid. Dit lyk of sy nie meer saak maak nie en dus probeer sy haar eensaamheid vul met ’n owerspelige verhouding met ’n minnares, X. Vandat hulle op die eiland arriveer, is sy egter buite die bereik van selfoonopvangs en kan sy nie met haar minnares korrespondeer nie. Sy raak selfs meer verwyderd van Juli wanneer sy die wedersydse aangetrokkenheid tussen Juli en ’n mooi eilandvrou met die naam Tammy sien.

6. Die drie narratiewe

Nagouers volg ’n unieke struktuur wat in drie afwisselende narratiewe opgedeel is: Saskia se daaglikse bekommernisse, notaboekinskrywings, en gesprekke wat saans in die bed plaasvind. In die eerste narratief doen Saskia verslag oor die daaglikse gebeure van hul reis. Die leser sien die gebeure wat plaasvind gedurende

die reis vanuit die perspektief van Saskia sowel as haar daaglikse bekommernisse wat daarmee gepaard gaan. In die notaboekinskrywings reflekteer Saskia op die gebeurtenisse en ontwikkeling wat gedurende die reis plaasvind. Sy begin die eerste twee sinne van die inskrywing in die eerste persoon, maar gaan daarna oor na die derde persoon om afstand tussen haar en die gebeure te skep: "Kyk hier gee ek my oor aan die voue van die papier en kruip ek daaruit as derde persoon. So kry mens meer afstand. Papier is geduldig, sê Saskia se ma altyd." Sy sluit hierdie narratief af deur terug te keer na die eerste persoon om haar ontwikkeling as mens en as moeder aan te dui: "Liewe Saul, uiteindelik kruip ek uit die derde persoon uit, uit onder my ou vel." De Coster skryf die nagtelike gesprekke tussen Saskia en Juli in die formaat van 'n teaterdialoog. Gedurende hierdie narratief observeer die leser die alleengesprekke tussen die paartjie vanuit die derdepersoonperspektief. Tydens hul gesprekke kan die leser onder andere die konflik tussen hulle sien. Die bed en aand is ook die plek en die tyd om bekommernisse aan te spreek, vrae te beantwoord, insigte te deel, en onsekerhede uit die weg te ruim.

7. Vertaling

De Coster se werk is reeds in meer as tien tale vertaal, onder andere in Afrikaans. Die Afrikaanse publikasie van *Nachtouders* is deur Wium van Zyl vertaal onder die titel *Nagouers.* Van Zyl was onder andere eindredakteur van die vaktydskrif *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* en het vir 32 jaar lank aan die Universiteit van Wes-Kaapland doseer. In 2013 tree hy uit as senior professor, hoewel hy steeds by die Universiteit as emeritus-professor aktief is. Van Zyl was ook oor die jare dosent in die buiteland, onder andere in Nederland aan die Vrije Universiteit Amsterdam.Die doelteks is idiomaties Afrikaans en lees nie soos 'n gedwonge vertaling nie. Daar is egter enkele gedeeltes wat die Nederlandse oorsprong van die teks as vertaling verklap. Die vertaler neem 'homo' – die algemene Nederlandse benaming vir 'n homoseksuele man of vrou – direk in die doelteks aan, in stede daarvan om die algemeen bekende term 'gay' te gebruik. Dieselfde geld vir die term "hetero's". Die Afrikaanse leser sou meer bekend wees met die term "straight mans/vroue". Hoewel die vertaler die geografiese inhoud oordra na die doelteks, is 'n domestikerende benadering gevolg om die woord "barbecue-vlees"[1] te vertaal. Dit is as "braaivleis" vertaal, maar sou eerder meer neutraal as "gebraaide vleis" vertaal kon word, aangesien "braaivleis" 'n spesifieke kulturele konnotasie het wat nie deel vorm van die Vlaamse kultuur nie.

In die bronteks is dit duidelik dat die notaboekinskrywings na 'n vertelling van gebeure in die verlede verwys. Hierdie hoofstukke is in die onvoltooide verlede tyd geskryf en staan in kontras met die res van die vertelling wat in die

onvoltooide teenwoordige tyd geskryf is. Die Afrikaanse doelteks maak regdeur gebruik van die voltooide teenwoordige tyd. Die vertaler kon die doelteks by hierdie Afrikaanse konvensie aanpas en dit steeds duidelik maak dat daar in die notaboekinskrywings na gebeure in die verlede verwys word.

Die vertaling is oor die algemeen 'n geslaagde Afrikaanse teks en die vertaler het kreatief te werk gegaan om die doelteks so bes moontlik as 'n volwaardige Afrikaanse teks te laat lees met die outeur se stem wat steeds behoue bly.

Universiteit Stellenbosch

Note

1. Die Nederlandse woord 'vlees' kan dien as vertaalekwivalent vir die Afrikaanse woorde 'vleis' sowel as 'vlees'. In hierdie konteks verwys dit dus na vleis en nie die menslike vlees nie.